# KALENDERHERVORMING EN 'N SKEPPINGS-ORDINANSIE

By die afbrekende magte wat die bestaan van godsdienstige instellinge en historiese tradisies ondermyn, is nou nog 'n verdere ontbindende element gevoeg, naamlik die voorgestelde Kalender-Hervorming. 'n Wêreld-wye en magtige organisasie, Wêreld-Kalender-Vereniging, is al gedurende die afgelope tientalle jare besig om te werk vir die aanname van die nuwe Wêreldkalender deur van handels-, regerings- en ander liggame en vir die afskaffing van die godsdienstige en historiese Joodse Sabbat, die Christelike Sondag en die Mohammedaanse Vrydag.

Terwille van kommersiële, statistiese, industriële en boekhoukundige voordele stel die Wêreldkalender voor om die twaalf maande van die jaar in vier gelyke kwartale van 91 dae elk te verdeel, 364 dae alfesaam. Maar aangesien daar in die gewone jeer 365 dae is en 366 dae in skrikkeljaar, wil hulle die saak oplos deur die 365 ste dag „End-van-die-Jaar-Dag" of „Desember W" te noem as 'n ekstra Saterdag (wat sal volg op 30 Desember) en dit nie in die kalender te tel nie, maar as 'n vakansiedag te beskou—dus sommer 'n blanko-dag.

Op dieselfde wyse verskaf hulle 'n blanko-dag of skrikkeljaar-dag vir die 366ste dag in die skrikkeljaar deur die ou 29 Februarie in die middel van die jaar net na 30 Junie as nog 'n Saterdag te plaas en dit dan „Junie W" te noem sonder on dit in die kalemder te tel. Dus sal die eerste maand van elke kaartaal 31 dae bevat gevolg deur 2 maande van 30 dae elk, terwyl elke kwartaal altesaam 91 dae, bestaande uit 13 Sondae en 78 weeksdae, sal hê en Nuwejaarsdag altyd op Sondag sal val.

Volgens hierdie voorstel waarmee hulle in 1950 wil begin, sal daar nie 'n heilige dag al om die sewe dae gehou word soos dwarsdeur die geskiedenis bekend is nie, en die sabbat, die Sondag en die Mohammedaanse Vrydag sal losgemaak word van hulle vasgestelde plek in die week, en deur die verskillende dae van die week ronddwaal. Byvoorbeeld—die laaste dag van 1950 wat 'n Sondag is, sal in plaas van as sodanig genoem en waargeneem te word, apart gesit word as 'n ekstra Saterdag, as 'n blanko-dag, en genoem „Desember W". Maandag, in werklikheid die tweede dag van die week, sal op papier opgeskuif word na die eerste dag van die week en Sondag genoem en ook as sodanig waargeneem word. Dan sal Maandag 31 Desember 1951 afgesny word en Dinsdag 1 Januarie 1952, die derde dag van die week, willekeurig as Sondag bestempel word om die nuwe week mee te begin. Aangesien 1952 'n skrikkeljaar is sal die oorspronklike Woensdag van „Junie W" af 'n Sondag word en as 'n godsdienstige dag waargeneem word.

## 'N WêRELD WAT SY ABSOLUTE WAARDES VERLOOR HET

In teenstelling met Kalender-Hervorming, word die eeue-oue vraag opnuut gestel; „Het ons enige tradisies nodig?" Natuurlik sal diegene wat begeer om die ou weë te behou gretig wees om met 'n agtelosige „ja" te antwoord. Diegene wat die hedendaagse euwels aan die invloed van die tradisie se tirannie toeskryf, antwoord met 'n uitdruklike „nee". Nóg die vraag nóg die antwoord is so eenvoudig soos dit voorkom. Die vraag van belang is of die religieuse en historiese tradisies wat nog altyd voorgelig, gelei en geïnspireer het, nog nodig is. En hierdie vraag kan slegs beantwoord word as ons die sedelike en kulturele terreine ondersoek, waarin die mense van vandag gebore word, leef, worstel en sterf.

'n Kort verduideliking van die teenwoordige toestand sal ons toon dat ons in 'n wêreld leef wat sy absolute waardes verloor het. Die kulturele ontbinding van die moderne gemeenskap het sy aanvang reeds gehad vanaf die einde van die middeleeuse tydperk, toe mense begin het om die sedelike en kulturele owerhede te ondermyn en die heersende simbole te onttroon. In die jongste tyd het dit sy hoogtepunt in die verontpersoonliking van mense bereik wat—met ander woorde—beteken dat die mens bloot 'n nommer 'n robot of 'n dienspligtige geword het. Teenoor die maatskaplike en sedelike hiërargie van vandag, het dit tot die afsondering en magteloosheid van die individu gelei.

In teenstelling met die lewe in die middeleeuse jare, waarin mense in 'n bepaalde wêreld en met hulle grense, maar ook met 'n gevoel van veiligheid geleef het, leef die moderne mens in 'n oneindige wêreld en derhalwe ook in 'n aanhoudende psigologiese spanning.

Die oopmaak van oneindige moontlikhede deur die wetenskap het vir die mens voortdurende vrees gebring, aangesien dit sy gewese grense en owerhede verwyder het. Gepaard met die nuwe bevrydinge het moontlikhede vir nuwe verslawing te voorskyn gekom. En met die wegruiming van religieuse en tradisionele beperkinge op vryheid van daad, het die mens op 'n wyse begin handel wat die vryheid van ander mense beroof het en selfs ekonomiese krag vir hierdie doel misbruik.

Die verlies van absolute waardes is ook in ons wetenskaplike en etiese wêreld sigbaar. Daar is skaars 'n wetenskaplike grondstelling wat nie deur een of ander ontken word nie. Sedert die groot vestings van ons kulturele herinnering waardeloos geword het en in plaas daarvan 'n veelheid van waardes opgekom het, leef ons in 'n wêreld wat deur die wanorde van waardes beheers word en wat geen kulturele en sedelike middelpunt het nie.

Met die verlies van rituale soos gemeenskap-seremonies en feestelikhede, vaste en feeste, vertoon en jubileums wat in die oue wêreld so 'n groot rol

gespeel het, het die moderne mens die ontladings-kanaal verloor vir daardie dam van irrasionele onbewusthede wat in hom en in die gemeenskap te vind is, en wat uitdrukking moet hê as dit nie 'n uitweg in vervreemding en verwoesting vind nie. Skeptisisme en relatiwiteit. saam met die inwerking van tegnologie het die rituale oorstem, en die skeppend een verheerlikende rituaal van die kerk en sinagoge het vir die sensasiepers en pap literatuur van massa-standaardisasie pad gegee.

Ten slotte het vrystelling van die gesag van outoriteite en devaluasie van tradisie—vergetende dat vandag nie net vandag is nie, maar ook gister insluit en dat die ervating van ons voorvaders in ons eie bloed is, as 't ware ons eie ervarings is— ons bande met die geskiedenis afgesny,en die pad voorberei vir die nuwe politieke en ekonomiese tirannie.

STABILISERING DEUR ABSOLUTE WAARDES.

Hierdie toestande van ontbinding en chaos, so kenmerkend van ons moderne tyd, dui voldoende aan dat die hoofrede vir hierdie euwels die verlies van absolute waardes is. Sal idee- en waarde-anargie geen rampspoedige sosiale anargie meebring nie, dan moet die menslike gemeenskap 'n sekere graad van ooreenstemming hê, tenminste oor grondveronderstellinge wat sal dien as 'n gelykmakende middelpunt vir samewerking en samehang. Daarom is die terugkeer tot die absolute waardes, soos deur die tradisie en geskiedenis bepaal, onmisbaar. Die vasgestelde sabbat of Sondag behoort aan daardie belangrikste historiese tradisies wat die hoedanigheid van die absolute besit, want hulle verkry hulle gesag nie van intuïsie, geloof, boeke of van wetenskaplike menslikheid nie, maar van die onmiddelike instelling van God.

BETEKENIS VAN ABSOLUTE WAARDES DEUR MODERNE PSIGOLOGIE ONDERSTEUN.

Die feit wat deur die moderne psigologie ondersteun word, is dat die mens deur 'n verskeidenheid van aansporinge beweeg word, waarvan die geaardheid deur 'n lang ontwikkelingsloop bepaal word. Gedurende die historie van die mensdom het 'n enorme aantal tradisies en gelowe opgegroei aan watter invloed elke menslike wese, van sy geboorte af dwarsdeur sy hele lewe, blootgestel is. Dis hierdie atmosfeer wat aan die lewensuitkyk kleur verleen het en die mense met 'n klaargemaakte apparaat vir die verklaring van hulle werklike ondervindinge voorsien het. Al hierdie gelowe en tradisies kan in een sin opgesom word: geloof in die bo-natuurlike. Dit het sy besondere uitdrukking in die vorm van leerstellinge of „absolutes" gevind, wat niks anders is nie as die poging om in presiese uitdrukking die waarheid van die mensheid se religieuse ondervindinge bloot te lê en te formuleer , net soos die leerstellinge van die natuurkundige ondervindinge

niks anders is nie as die poging om die waarheid van die mensdom se sinwaarneminge bloot te lê en te formuleer.

Uit die geloof aan die bonatuurlike mag ,het die meninge van vroeëre geslagte gevloei en ontwikkel. Die krag van die maatskaplike goedkeuring wat van daardie geloof afgelei word, is die hoofvoorwaarde vir die krag en standvastigheid van die gemeenskap. In werkli,kheid bewys die ge skiedenis dat alle maatskappye wat aansienlike vooruitgang in beskawing gemaak het, slegs in staat gestel is om dit te doen kragtens die standvastigheid wat hulle van die stelsel van bonatuurlike goedkeuringe afgelei het.

Die begrip van die bonatuurlike krag speel 'n groot rol in die ingewikkelde leefwyse van die individu selfs in ons dae, want behalwe onbewuste invloede van die omgewing, waarin die individu opgegroei het, is daar ook die oorgeërfde geskikthede wat in die verstand van die mens voortbestaan.

Op hierdie manier hang ons karakter en leefwyse af van die diepste oortuiging en geloof. Maar in plaas van erkenning van die feit dat geloof aan sulke goddelike absolute waardes die stukrag van ontwikkeling is en deel van ons onderbewussyn vorm, gee die moderne mens ander beweegredes vir sy handelswyse aan: beweegredes wat hy van sy onmiddellike ondervinding afgelei het. In werklikheid is die veld van oordeel vir die moderne mens baie beperk en onseker. Oorgeërfde instinkte en emosies speel 'n groot rol in ons beslissinge, selfs as ons rasionele verklaringe vir die beweegredes van ons handelinge gee. Ons besef nie dat hulle deur beweegredes geïnspireer word wat heeltemal verskil van dié wat ons aangee nie.

## DIE JOODSE SABBAT.

Die Joodse sabbat soos dit verstaan en waargeneem word, bewys die waarheid van ons hoof-redenering.

Volgens die Joodse tradisie het die sabbat 'n drievoudige betekenis, terwyl dit dien as 'n simbool vir die Joodse religieuse grondbeginsel wat onafskeidelik verbande is met die rus op daardie dag.

In die allereerste plek vertoon die sabbat die grondidee dat die alwyse en vrye God die heelal gedurende ses dae geskape het en op die sewende dag ,wat Hy geheilig en geseën het, van Sy werk gerus het. Op dieselfde manier moet die mens, wat na die ewebeeld van God as 'n vrye en redelike wese geskape is, ses dae werk en op die sewende dag rus. Hierdie geloof dui aan dat die mens die natuur volgens Gods wil sal beheers, naamlik dat hy sal rus en ook al sy onderhoriges op dié dag wat deur Hom gekies word, sal laat rus.

Tweedens, die sabbat, soos toegelig deur die bevryding van Egiptiese knegskap, vertoon die grondbeginsel van persoonlike vryheid wat die idee op die hart afdruk dat 'n mens God se dienaar is, maar nie 'n dienaar se dienaar is nie. Derdens, die sabbat vertoon die verbond wat tussen Gos en Israel gemaak is.

Met inagneming van hierdie beginsels wat aan die instelling van die sabbat ten grondslag lê sal ons in staat wees om te verstaan hoe die krag van maatskaplike goedkeuring, wat van die geloof aan bonatuurlike geldigheid van die sabbat afgelei word, die Jode in staat gestel het om sosiale leerstellinge in te voer. Die goedkeuring van rus b.v., het die behoefte aan nedersettinge geskep, wat tot die landbou en uiteindelik tot die stigting van stede gelei het. Die goedkeuring van persoonlike vryheid het barmhartigheid en jammerhartigheid in die Joodse harte ingeplant en het hulle die behoefte laat besef aan geregtigheid en gelykheid. As 'n bondsteken tussen God en Israel. het dit gehelp om die gevoel van hoër ontbaatsugtigheid en broederskap van mense te kultiveer, waarvan Jesaja gesê het; „En elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die Here (66: 23)".

Ondersteun deur die waarhede dat die sabbat so 'n groot deel in die bevordering van die menslike ontwikkeling het, dat dit in die lewe van ons voorvaders sulke sosiale lewens geskep en gereguleer het, waardeur ons vandag onbewus beweeg word, en dat sy dogmatiese gebruik die waarheid wat daarin ingesluit is op 'n besondere wyse aan die lig gebring het, het die Jode altyd geglo dat die handhawing van die sabbat God se historiese en sosiale wet is, wat ons in stand moet hou.

Denkers en geleerdes het herhaaldelik die noodsaaklikheid van rus gedemonstreer. Hulle het die ontmoontlikheid van eindelose werk aangetoon. Dit alles is goed en waar. Maar daarin is meer as dit. Soos alreeds gemeld, hang ons gedrag grootliks af van die oorerflike drange. Dwarsdeur die lange ontwikkeling van ons voorouers, lyk dit asof die gebiedende vorm die doeltreffendste is. Gevolglik moet ons 'n soortgelyke aansporing hê. As ons niks te doen het behalwe wat ons graag wil doen nie dan sal ons gou-gou in die toestand verkeer dat ons van niks hou wat ons doen nie. Maar die imperatief sonder die goddelike goedkeuring, sonder die goddelike imperator wie se sabbat onveranderlik en absoluut bly soos Sy bestaan, bly net so swak as die man self wat dit besluit het.

## GEMEENSKAPLIKE STRYD.

Al diegene wat die argumente in sake die noodsaaklikheid van die deur tradisie bepaalde sabbat onderskrywe en dit as 'n vasgestelde „absolute" beskou, sal ongetwyfeld die stryd vir sy bewaring voortsit. Vir hulle sal

die sabbat as die heiligdom van ons beskawende tradisies en as die simbool van 'n geloof waardeur mense gelukkig en vooruitstrewend kan lewe, vir immer voortbestaan. Vir hulle beteken die Kalender-Hervorming soos deur die Wereld-Kalender-Vereniging voorgestel word, die vernietiging van die ewigdurende leidingslamp wat God gegee het en wat ons in die duisterheid van ons verwarde wêreld so pynlik nodig het.

In daardie stryd vir die bewaring van die identiteit van die sabbat, moet die sinagoge en die kerk mekaar die hand reik. Hulle moet dus handel nie slegs omdat albei dieselfde lot deel van 'n minderheid teenoor die res van die wêreld nie, maar hoofsaaklik omdat albei die noodsaaklikheid bevestig om die sabbat te bewaar—'n bevestiging wat sy klassieke uitdrukking in hierdie woorde vind: „Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie", (Talmud Mekilta Sab. I) en (Markus 2:27).

Oos-Londen. M. WALD.